APPENDIX C

TRANSCRIBED INTERVIEW DATA

IDENTIFIED THEMES AND SUBTHEMES

FROM THE

VERBATIM RESPONSES

FROM THE

RESPONDENTS

THEME 1: JOB STRESS

SUBTHEME 1.1 TASK CHARACTERISTICS

***Respondent 002*:** "Dit is ons beroep: ongelukke, dooies. Dit is normaal, dit sal daar wees.

"Ek glo baie van die goed werk ook maar op 'n mens se sintuie. Baie kere sien jy .... dit wat jy hoor, sekere soorte klanke. Party klanke kan klink soos 'n geskreeu, ander klink nie soos 'n geskreeu nie. Dit krap hier en daar."

***Respondent 074*:** "Dit gaan basies oor dieselfde as die storie in bevel op die skof of jy is in *charge* van die skof. Alles moet reg gaan. As daar goed fout gaan, kyk almal na jou en sê vir jou: Jy was in *charge* van die skof en dit en dit het nie reg gegaan nie. Wat is die *setup*? Dit lyk my jy doen nie jou werk nie. Dinge moet reg hardloop."

"Toe my vriende doodgeskiet is, wat op my skof gebeur het, ek was waarnemende offisier daardie dag toe hulle twee van my kollegas soos honde doodgeskiet het, toe word alles toegesmeer. Trek 'n kombers oor alles, en maak of daar niks gebeur het nie. Dit is sulke goed wat 'n mens negatief maak. Hulle het daardie dag gesê hulle gaan ons beveilig, in Soshanguve, en tot op datum het nog niks gebeur nie."

"Ja. Wat eintlik gebeur het, ek dink die offisier was met verlof en af siek, toe is ek tweede in bevel op die stasie. Toe hardloop ek die skof, ek en 'n groot vriend van my, Pierre van der Merwe. Ons het alles saam gedoen. Ons het saam ambulans gery, ons het alles saam gedoen. 'n Goeie *buddy* van my. So die ander blanke ook, Hendrik du Plooy. Hy en 'n ander ou, Chris Breedt, was goeie *buddie*s gewees. Hulle het weer alles saam gedoen. Die spesifieke dag was dit ek en Pierre wat ambulans moes gery het. Toe is ek waarnemende offisier daardie dag. Toe sê ek: Jy kan nie vandag ambulans ry nie. Ek gaan iemand anders stuur. Toe vra

Pierre, kan jy en Hendrik du Plooy saamwerk. Toe sê ek as hy sê dis reg dan ry jy saam met hom. Daar is nie 'n probleem nie. Hy gaan vra hom. Nee, dis reg. Toe ry hy saam met hom. Ek het nog daardie aand so sewe-uur se kant vir hulle 'n flits Soshanvuge toe gevat, want die ligte van die ambulans het nie gewerk nie en hulle sukkel met pasiënte. Dit was die laaste wat ek hulle gesien het. So om en by nege-uur die aand kry ons die berig hulle skiet op ons. Een van die *breakdown* ouens het Rosslyn toe gebel, want dit is Rosslyn se area, eintlik Rosslyn se oproep. Maar Pierre was op daardie stadium so, hy het mediese kwalifikasies gekry. Hy wil toe net die A en H gaan doen en toe kom die oproep in en toe sê Pierre op die lug: Ons sal dit doen. Wat eintlik gebeur het lyk my is hulle het twee pasiënte gehad. Een het 'n mediese fond en die ander een nie. So met ander woorde die een moes Akasiakliniek toe gegaan het en die ander een moes Ga-Rankuwa toe gaan, maar hulle is in een ambulans. Toe laat kry hulle 'n ander ambulans, sodat hulle die pasiënt kon oorlaai. Op die stadium wat hulle oorlaai toe skiet hulle hul soos honde dood. Die nadoodse ondersoek van Pierre het gewys daar was nie eers adrenalienafskeiding gewees nie, so vinnig het dit gebeur. Hy het nie eers kans gekry om te skrik nie. Toe stap hy om en toe klim Hendrik du Plooy uit en toe hy om die ambulans kom toe klits hulle hom ook. Toe skiet hulle hom in die kop. Pierre was basies op slag dood, hulle het een van sy slagare afgeskiet en Hendrik du Plooy was breindood. Sy hart het hulle aan 'n 74-jarige omie geskenk. Van daardie tyd af tot vandag toe probeer hulle dit elke keer toesmeer."

"Toe weier ek. Daar is nie 'n manier wat ek daar gaan werk nie. Ek weier om daar te gaan werk, voordat julle nie dinge regmaak nie. Ek sal nie daar gaan werk nie. Julle is groot base en julle werk nie daar nie. Jy ry *once in a while* soontoe, nie eers nie, want jy is bang hulle *hijack* jou, maar ons moet daarbinne werk. Pierre van der Merwe het altyd gesê hulle gaan ons daar uitvat as die bloed vloei, en die bloed het gevloei, en ons is nog steeds nie daar uit nie."

***Respondent 096*:** "Ek was gewoond daaraan om 24 uur te werk. Ons het van halfnege tot halfnege die volgende dag gewerk. Toe het ons omgeskakel na 12 ure toe. Ek hou nie daarvan nie. Ek was van die begin af daarteen gewees. Die ander ding is, die oproepe.

Vandat die stasie oopgemaak het is ek hier; dit is amper 3 jaar. Ons het eenkeer 4 maande gewag vir 'n oproep sodat ons kan uitgaan om iets te doen. Ons kom in die oggende en neem die voertuie oor van die vorige skof, maak die masjien skoon, *check* hom en kom drink koffie."

"Op Magalies. Daar is die N1-hoofwegoproepe. Dit was lekker. Dit is net vir my moeilik om van 'n besige plek af te kom na 'n plek toe waar ek niks doen nie. Ek kan dit nie doen nie."

***Respondent 096*:** "Nee, net kinders. Dit is nie lekker om dit te sien nie. Wanneer het die Blou Bulle die Curriebeker gewen? Ek dink dit was twee jaar gelede. Daardie Saterdag het ek oortyd gewerk. Die pa, die ma en die kind (8 maande oud) moes ons uit die kar uithaal. Dit is nie lekker om te sien nie. Dit is iets wat bly. Jy sal al die ander goed vergeet, maar dit sal jy onthou."

***Respondent 0118*:** "As a firefighter my main task is to fight fires as well as to rescue. An example being, if there is a factory fire I use foam and water to distinguish the fire. The most important one is the rescue part of it. It is sometimes traumatising because when you get to the scene you will find that the person is crushed or being trapped in a vehicle. The first thing you're supposed to do is you are going to be threatened seeing a person's brains damaged and then you are supposed to help that person. Basically that is the job what I am doing as a firefighter, as well as rescuing people from dams as well is in a pit toilet. I once rescued a child in a pit toilet."

"I was shocked. With the pit toilet the seat is small and you are supposed to put it out. That particular seat was direct on top so to shift it was difficult, because with the slightest mistake it will fall on top of the child. Then I would have been responsible for that."

"Sometimes when you get to the scene, for example the accident one, maybe two head- on collision vehicles and people are being trapped there. In our terminology we call that victor patients. When we get to the scene we're suppose to check and find out if anybody is dead.

Normally we don't take that on the spot. We just try to take the body out of the vehicle and then thereafter the doctor certifies the person dead. We as firefighters we suspect that the person is dead. We can't just conclude, hence our portfolio. Then people who are amputated are like a person being trapped and when you take the person out of the vehicle you find that you take a part of the person only. Shocking. You are expecting the whole body to come out."

"During the night you don't sleep well because you dream about the accident or the person. Sometimes it will take a day or two. Maybe in case of fire when you find a person who is trapped inside the house and you get to the person only to find that the person is burnt. It is also shocking. Firstly you are entering a building without knowing the exact location of a person. The people outside the building, the bystanders, are expecting of you, the fireman, to bring out a person while he/she is still alive. When you enter there and the house is destroyed the people are sad and the community is going to fight you. It is somewhat stressful."

***Respondent 0199*:** "Ek sal een voorbeeld gee. Ek het 'n so 'n jaar terug byvoorbeeld 'n persoon gesien en toe ek hom weer sien is hy dood. Dit is nie iemand wat ek ken nie. Ek het hom gesien in my gedagtes en die volgende nagskof toe ek hom sien toe onthou ek dit is die persoon wat ek gesien het. Dit het my nogal redelik omgekrap en toe is ek na 'n sielkundige toe."

"Dit pla my nog steeds. En ek hou nie daarvan as kinders seerkry nie. Dit ontstel 'n mens. Dit is net omdat ek die persoon gesien het en toe sien ek die volgende aand hy is dood. Ek sien dinge partykeer so 'n bietjie vooruit."

"Ek as 'n brandweerman is iemand wat mense se lewens red, maar as jy eers 'n paar jaar werk, dan begin daardie goed jou lelik pla. Dan sien jy nie eintlik meer die mooi goed raak wat jy doen nie."

***Respondent 0236*:** "Always when we have an accident like an head-on collision, we look for

oil and petrol. We charge the hose and have a fire extinguisher near. We cut the battery. If a fire arise the hose is already charged, it is ready. It is dangerous work, but somebody must do the job. Especially, the highway, it is very dangerous; the hours from 07:00 to 08:00 and half past four to five. That time is very awful."

"Like, maybe, I saw a very, very sad incident. There was a car collision and there was a patient inside. It is not good when you see it. When you arrive there and the person is still alive and you hear the screams until the screams die. It makes you feel sad. You don't feel well for a week or so. When you think about it you can still hear that screaming."

"I remember another guy who is working with us, he had a call at Rooihuiskraal and after the call it was raining. We have to get a big space where he can turn off the engine. When we turn off at Sarel Baard and Rooihuiskraalweg there was a BMW who was standing in the middle of the road. We thought the guy needed help and he parked in front of him. Johan and the other guy went to the BMW and they left me in the engine. When I came out I heard a shot. They shot Johan point blank. All of them ran one side and left me in the engine. They came back that side from the shopping centre and asked me where is Johan. He fell at the corner and he was bleeding very bad. I had to pull the siren to call them. When they came there I was busy trying to stop the bleeding. It was bad, especially because he was our colleague. We panicked. We reported the call and they sent an ambulance."

SUBTHEME 1.2 ORGANISATIONAL FUNCTIONING

***Respondent 002*:** "Op daardie stadium was ons oorgeskuif van Wonderboom na Rosslyn toe. So alles op daardie stadium was 'n bietjie deurmekaar gewees."

***Respondent 049*:** "You know, what is stressful is that like for now ... I am from North West and we had a lot of stress; the management and things didn't go well from mouth to ear. Hopefully, we thought that after being transferred to Tshwane, Gauteng, everybody thought maybe our problems will be sorted out, but only to find out it is not. Like myself, I am driving

about 120 km a day to work and back home. It is so stressful to drive. The difference in travelling is vast and being vast you are not compensated for the distance."

***Respondent 074*:** "Ja. Dit is nou dubbelsinnig. Ons is oorgeplaas Ga-Rankuwa toe, toe die Ga-Rankuwa stasie oopgemaak het, en toe is die opdrag vir ons gegee ons gaan daar almal 2IBs wees, met ander woorde, leiers tweede in bevel om die stasie- offisiere touwys te maak of vir offisiere te help. Toe het die Raad vir ons gesê ons is 2IBs en net 'n ruk daarna sê die Raad daar is nie meer 'n ding soos 'n 2IB nie. Hoe werk dit dan? Môre, oormôre as die offisier af is, wie gaan die skof hardloop vir die dag? Met ander woorde, jou laagste outjie, jou 'blougat', die ou wat nou net in die diens ingekom het kan vir jou sê ek hardloop die stasie vir vandag. Dit kan nie so werk nie. Hulle moet hul *mind* opmaak. As die offisier nie daar is nie is jy goed genoeg om die skof te hardloop of om alles te doen wanneer dit hulle pas. Daar is nog 'n bietjie dubbelsinnigheid daaroor."

"Ja, soos hierdie ouens wat nou waarnemend is. Hulle is nou al hoe lank waarnemend en hulle het nog nie salaris gekry nie. Dit is van bo tot onder. As hulle nie eers ons salaris regmaak nie, wanneer gaan hulle die ouens aanstel?"

"Dit is al van Oktober/November af dat die persone in waarnemende poste is. Hy vat al die probleme en dramas en hy moet *produce*. Dit is wat die ouens so negatief maak. Dieselfde met van die ouens wat ver bly. Die een ou woon 'n kilometer van Innesdal af en hy werk in Ga-Rankuwa. Hy ry oor 'n duisend kilometers in 'n maand, op sy eie onkoste. Hy kry nie 'n sent meer nie. Hy ry sy kar klaar, hy ry sy petrol klaar. Dit is net vir hom gesê: Sal jy ons uithelp in Ga-Rankuwa? Ons sal jou waarnemend maak. Die ouens gaan daarvoor, want môre, oormôre as hulle miskien aangestel word, gaan hy daarby *score*, want dan gaan hy die nuwe Tshwane se offisiersalaris kry, so hy gaan daarby baat en dit is hoekom hy dit doen. Hy doen dit nie uit eie wil nie, hy doen dit vir die toekoms vir geld in die sak. En môre, oormôre sê hulle vir hom hulle gaan hom nie aanstel nie. Wat dan? Hy het die tyd gemors en hy het homself in 'n finansiële dilemma gedompel om die werk te help."

"Dit is sulke goed wat my hartseer maak. Dit is sulke mense wat besluite oor jou moet neem, wat op die einde van die dag van jou gaan word, of wat jy moet doen en hulle kan nie eers so iets vir jou doen nie. Dit is sulke goed wat 'n mens baie negatief maak teenoor die diens. OK, ons het nou Tshwane geword; nie dat dit beter geword het nie. As ons onder Centurion was, wat alles baie beter. Die diens het baie agteruitgegaan. As jy vat beheerkamergewys – ons het ons eie beheerkamer hier gehad. Hulle het direk hiernatoe gebel, maar nou gaan alles na Sentraal, dan word dit uitgeplaas na die substasies toe. Hoeveel minute vat dit? Sê dit vat 5 minute om 'n oproep te vat, dan moet jy dit uitplaas na 'n substasie toe, dan vat dit nog twee minute en dan vat dit nog twee minute om uit te gaan. Op die einde vat dit 10 minute plus om uit te gaan na 'n oproep toe en die mense te gaan help."

***Respondent 096*:** "Die masjiene breek en ander stasies kom vat van die masjiene, want hulle gee nie om vir die plek nie. Al waaroor hulle *worry* is hy mag nie toemaak nie. Vra ek vir hulle: 'Waarvoor?' dan sê hulle: 'Dis 'n politieke situasie'. Ek wil nie betrokke wees by sulke goed nie. Ek wil werk. Vandat die stasie hier is, kry ons omtrent nooit oproepe nie. Toe ons op Philip Nel Park was, was hier baie brande."

"As jy vra vir verlof, word dit geweier, omdat daar nie genoeg mense is nie. Dan sê jy: 'Dit is nie jou probleem nie, dit is die raad se probleem.' Hulle belowe 150 mense, maar as jy sien is daar net 6. Vyf/ses jaar gelede het elkeen sy eie werk gedoen, nou doen een ou almal se werk. Dit is nie lekker nie."

"My hele ding van die brandweer is dat bestuur hierbo het nie 'n saak nie. Wie doen eintlik die werk? Die ouens op die vloer. Dit voel vir ons almal so. Hulle voel die topstruktuur voel niks vir die ouens op die vloer nie. Hulle gaan net aan. Ek het gesê na my mening gee ek die plek nog so 'n jaar en 'n half dan sal hy tot niet gaan. Nee, die hele brandweer. Dan vou hy. Dit lyk nie of dit beter gaan nie. Ek weet nou nog nie hoekom het hulle saamgesmelt nie. "

***Respondent 0118*:** "There is the discrimination. We have been incorporated last year, and sometimes they don't treat us well. They are calling us names. ... This is a uniform thing – this

Tshwane. Because it was the city of Centurion, the city of Pretoria, Akasia as well as us. So they want to make it one thing – a unique thing. It seems as if some are still running the Centurion way, some are still running the Pretoria way, some are still running the Akasia way. Everything is different. Up until the final strategy that we as the city of Tshwane we should run things like this, then it will become normal."

***Respondent 0164*:** "Ja, 'n mens *worry* maar 'n bietjie. Jy weet nie waarheen jy gaan nie. Daar is nie regtig vaste goed wat hulle vir jou sê ons beweeg nou soontoe of ons gaan nou soontoe nie. Op die oomblik is almal waarnemend en daar is nie 'n rigting waarin ons beweeg nie. Dit is maar 'n gereelde ding. Elke jaar as daar 'n nuwe ou aan beheer kom, dan *chop* en *change* hy die mense soos hy dit wil hê."

"Daar is nie 'n toekoms nie, want jy is verkeerde kleur en daar moet regstellende aksie plaasvind."

***Respondent 0199*:** "Niemand is *bad* of iets nie, maar ek dink die hele sisteem is op die oomblik 'n bietjie deurmekaar. Ek sê niemand sleg nie, ek bedoel maar net alles is nog nie mooi in plek nie."

SUBTHEME 1.3 PHYSICAL WORKING CONDITIONS AND EQUIPMENT

***Respondent 074*:** "Op Ga-Rankuwa baklei ons vir alles, daar is nie eers telefone nie. Alles wat ons daar het, het ons voor baklei, en dan is dit ou goed. Daardie nuwe stasie wat nuut van die grond af opgebou word, moet die nuwe goed kry. Nou deel hulle al die ander stasies se ou goed uit sodat hulle nuwes kan kry. Dit werk mos nou ook nie so nie. Dit maak 'n mens die duiwel in. Daar was niks op daardie stasie nie. Jy probeer bou en breek en jy probeer die plek opbou en dan maak hulle jou so negatief. Daar is soveel toerusting gewees tussen Ga-Rankuwa, Mabopane and Themba; nuwe toerusting wat nog nooit gebruik is nie. Toe vat hulle dit weg na Centurion toe. Nou sukkel ons met ou goed en hulle gebruik die nuwe goed. Ons neem topstruktuur kwalik daaroor."

***Respondent 0164*:** "Daar is nie toerusting om mee te werk nie. Maar as dit nie hier is nie, doen ek nie my *job* nie. Ek gaan in daardie houding deesdae in. Al wat vir jou gesê word is daar is nie geld nie."

***Respondent 0236*:** "Sometimes we have a problem with the equipment. What is stressing me is today you take the engine with full equipment and then tomorrow the other shifts take over and they change the equipment. Let's say the generator didn't run well for the jaws of life, they change those things. They bring other equipment that is not as good as the one that was here. Another thing is, they don't say anything when they change it."

SUBTHEME 1.4 SOCIAL MATTERS

***Respondent 002*:** "Ons probeer. Ons probeer om simpatie te hê met party mense se gevoelens en probleme."

***Respondent 049*:** "But if things just happen around where you are, you don't feel you are welcome or you are comfortable. Because, just somebody says this and this, from whites, we got the notice last week, and I have been with them since last week, and then I don't know. So now I feel maybe I am not part and parcel of the particular group."

"No other things. Working as a team or with many people obviously you must have interpersonal relationships because this one comes from this family, different background than the other one, so what do you have to do? It is just to compromise and live together. Because we bring our backgrounds along it will be complicated."

***Respondent 074*:** "Daar is soveel oë en soveel ouens wat rondkyk; publiek en alles. En jy weet nie wie is Jan Rap en die publiek nie. Ons in Tshwane ken nie al die mense nie, veral ons wat van hierdie kant af kom. Ons ken nie al die grootkoppe nie. Hy kan 'n raadslid wees tussen die *crowd* en jy kan droogmaak, of jou mense kan droogmaak en jy help hulle nie reg nie, of jou toesig is – volgens daardie ou – nie volgens standaard nie. Dit is sulke goed wat op

'n ou werk. Om vir ouens pligte te gee en hulle voer dit nie uit nie, wat se stappe moet 'n ou vat? Wat moet 'n ou doen?"

"Ja, jy kan hom aankla, maar in vandag se tyd mors jy jou tyd. Wel in die verlede, jy kla 'n ou aan en as jy daar uitstap voel jy soos die skuldige, dan skeur hulle jou uitmekaar uit. *Meantime*, wil jy daardie ou net reghelp en dan draai alles terug na jou toe. Dit is nie belowend om iemand aan te kla nie, veral in vandag se tyd."

***Respondent 0114*:** "Yes sometimes. Can I say something confidential? My District Commander sometimes shouts at me. Why didn't I do 1, 2, 3? Sometimes I didn't know the work. He didn't show me. I had to ask other people what must I do. Or when he calls me to come here then I wonder: What is happening now? What is wrong now? What did I do now? When I got home I told my fiancé I would prefer to step down. So he told me: No, everywhere it is just like that."

***Respondent 0118*:** "There are some problems like always being accused without following the proper channels. I am always threatening them: 'You do this. You don't come to work'. Sometimes you absent yourself from work. When I come and tell them it is because of this and this, they don't understand me. Then they say: 'It is always when it is month-end, you don't come to work'. Such things. Then you come to work, maybe under the influence. If I try to tell them about my problems they don't follow them. Last they sent me to the social workers at work. I was with them on Friday last week and we discussed my problems. Then they said I should come on Thursday for the psychologist. I don't have friends. I am shy."

***Respondent 0164*:** "Dit hang af op watter stasie jy werk. Ek het op 'n groot stasie gewerk, waar daar baie oproepe en baie druk was. Baie hoofde sit daarso. Hier is ek op 'n substasie. Hier gebeur baie min. Daar is heeldag 'n meer wakende oog oor jou. Hulle sal vra: Wat gaan hier aan? Hoekom werk dit nie? Wat maak julle hier? Hoekom werk julle nie?"

"Daar het ek op 'n ander stasie gewerk. Dit kan dalk twis teenoor die ouens gewees het. In

hierdie plek gaan dit nie werk nie. Jy moet maar taai wees, of anders gaan jy nie ver kom nie."

***Respondent 0236*:** "Yes, like maybe sometimes your officer is losing his temper for something without asking you what has happened. He is just shouting, and then later found out that he was wrong. There is where you get the headache. Because with people like that you have to keep quiet. If you say something while he is angry, it makes matters worse."

"I saw the problem with other people. When you come to the scene where there are too many people, the problem that endangers us is the police. If somebody has been shot or was in an accident and a big crowd is watching, talk to them nicely, don't shout. The police just come there and irritate people and become angry and endanger us. When they start fighting they will forget about us, throwing us with stones. First thing, when we come there we have the yellow stripe and put it around the scene. Then I talk nicely to the people: 'Please don't come this side, it is better that way, so that we can do our job'."

SUBTHEME 1.5 CAREER MATTERS

***Respondent 002*:** "Ek glo altyd die lewe verander in 'n minuut. 'n Ou weet nooit wat gaan gebeur en wat lê vir jou voor nie. Ek weet regtig nie wat kan gebeur nie."

***Respondent 074*:** "Nee, met die regstellende aksies en al daardie goed, is daar nie 'n manier nie. Hulle stel 'n nie-blanke aan met minimum kwalifikasies, nie eers wat die posvlak nodig het om 'n offisier te word nie, sit in 'n waarnemende pos. Maar jy wat al donkiejare die werk gedoen het en vir 'n jaar en ses maande al waargeneem het as 'n offisier, jy kry nie 'n kans nie. Maar hulle stel daardie persoon met minimum kwalifikasies en minimum jare diens aan in verhouding met waar jy 'n stuk of 12/13 jare diens het en daardie ou het 2/3 jaar diens. Hoe moet jy nou voel as een wat al 13 of 14 jaar in diens is, wat al 'n skof gehardloop het as 'n leier en as 'n waarnemende offisier? Nou stel hulle haar aan bo jou, al is dit nou net waarnemend. Jy moet nou onder haar werk. Jy moet haar besluite kan uitvoer, jy moet kan luister vir haar. Hoe gaan jy vir daardie persoon kan luister? Die eerste goeie brand hardloop sy weg en jy sit

met die gebakte pere. Dit is soos ons voel. Jare diens is goeie ondervinding. Dit is nie noodwendig nodig om die papiere te hê nie, want daardie jare ondervinding maak daardie papiere nikswerd, want jare diens kan jy nie wegvat van 'n persoon nie. Dit is sulke goed wat 'n mens die duiwel in maak."

***Respondent 096*:** "Ek dink om my werk te bedank en by 'n ander plek te gaan werk. Ek het my CV Mosambiek toe gestuur. Hulle maak Septembermaand oop. Ek en die ambulansoffisier, 'n baie groot vriend van my, het op die Internet gaan kyk en vir hulle *e-mails* gestuur. Hier is nie 'n toekoms in die plek nie; nie vir my nie."

"Nee. Ons was die laaste brandweermanne. Daarna het nooddiensbeamptes ingekom. As 'n nooddiensbeampte 'n kursus doen, kry hy geld of erkenning daarvoor. Brandweermanne word nie erken."

***Respondent 0114*:** "They appointed me as an acting officer. They just put me and I didn't know about this work, but when they appointed me they ask me, 'You will do this job because you've got the experience, you've got 30 years' experience'. I appreciated that and I was happy when they gave me this job, but then I started to do paper work which I know and some other things I didn't know. So I have to go to somebody else to tell me what I must do. Where I am working there is no computer and no telephone. I am the only person there. When there is something that I don't know, I must come here or call them with the radio. They didn't teach me. Sometimes when I go home I sit down and remember everything and stress is coming to me."

SUBTHEME1.6 REMUNERATION, FRINGE BENEFITS AND PERSONNEL POLICY

***Respondent 002*:** "Salarisaanpassings en daardie dinge sal seker verbeter. 'n Ou soek altyd maar meer geld."

***Respondent 049*:** "You are only compensated for the more work that you are doing, like we supplement our salary with overtime. With overtime you have less off days. It is not the way that a person can supplement his remuneration. As least maybe if the notches are correctly placed and maybe it will be better, because you can see the vast difference between 6 km and 120 km. And the budget for the whole month. It takes the whole money that I supplement with overtime, so I remain exactly the same. So there is no improvement about my life. The difference that I am working in the other area, but in my family life is still the same."

"The stress with the management side of the work is that as human beings we have to work together, as a team, to reach the goal at the end of the day. But if there is a notice that comes, it favours somebody. You don't get the information. When the notice comes and favours the other one, you are disadvantaged. Like, for instance, we were used to work 4 days overtime in the month. All of a sudden from January I have been working 4 days, I am used to 4 days to supplement my salary. All of a sudden there are some people who work 4 days, I work 1 day. There is nothing that pushes me from home to work. Every time, even if I am off I think of what is wrong, there is nobody who explain that to you. Money .... You can't sit down with your subordinate and discuss issues as management, as you are going nowhere. Because everything that you decide to do, you must call your subordinate and say, 'Look here, due to financial constraints the Metropolitan doesn't have money'. I think of, maybe, suspending the overtime or let's say you will increase by July, things like. Then people will be less stressed. They will know what is going on in the company."

***Respondent 074*:** "Dit lyk my so. Al die ouens wat saam met ons werk is waarnemend in 'n offisierspos, met ander woorde hy is nie aangestel nie. Hy het dieselfde kwalikasies as ons. Hy is ook 'n leierbrandweerman. Hy kry nog 'n leierbrandweerman se salaris, maar hy is waarnemende offisier."

"Hy doen eintlik goedkoop arbeid. Hy doen die offisier se pligte, hy kry al die verantwoordelikheid, maar hy kry nie salaris nie. Dit is nou al van die 3de Desember 2002 wat dit plaasvind."

"Wel, salarisgewys. Jy gaan van die hand na die mond. Die meeste van ons het 'n privaatbesigheid wat jy hardloop of enigiets om ekstra geld te maak. Ons salaris is nie goed nie, veral nou met Tshwane. Ons Akasia-ouens kry die minste salaris van tussen Centurion, Pretoria en ons."

***Respondent 096*:** "Ja. Nooddiensbeampte doen ambulans en brandweer. Brandweermanne doen net brandweer. As hulle 'n kursus doen, kry hulle meer salaris, maar nie die brandweermanne nie. Waaroor gaan alles? Oor geld."

"Ons is nou Tshwane, maar as jy oortyd werk moet jy aparte vorms invul en sê waar jy werk: Akasia, Centurion of Pretoria. Ons salaris is nog dieselfde, en die diensvoorwaardes."

***Respondent 0236*:** "The salary is not enough."

THEME 2: FAMILY STRESS

SUBTHEME 2.1 MARITAL DYSFUNCTION AND DIVORCE

***Respondent 002*:** "Ek dink dit was 'n persoonlike probleem. Ja, dit is seker nou al 3 jaar."

***Respondent 049*:** "Another problem that I have when I am stressed is that I don't have feelings for my wife. It can take a week. I don't want people around me."

***Respondent 096*:** "Ons lewe amper verby mekaar. As ek baie oproepe gehad het, dan gaan sit ek by my vrou en vertel haar wat gebeur het: Dit was lekker om dit te doen en dit was sleg gewees om dat te doen. As ons die dag niks gedoen het nie is ek die volgende dag moeër. Dan is ek lus om niks te doen nie. Dit is wanneer my vrou kwaad raak omdat ek nie dit of dat saam met haar wil doen nie. Dan kom die moeilikheid."

***Respondent 0118*:** "The other problem is, some time back my wife and I was separated

for 10 years. I left her with the kids and I went away. Then when I came this side I found another woman and it went on and on and on. So then I bought a house with her. In the process of our marriage she decided to divorce me. Then the divorce went on."

"Yes. And she is divorcing me. Now my first wife is every day telling me that: 'You see now, you've got a house but ...' When I get to the lawyers they say if I get back to the house I am supposed to pay that woman. That woman is not paying. It is complicated. So, it is always on my mind."

***Respondent 0199*:** "Ja, dit is persoonlik eintlik. Nee, ek is nie meer getroud nie. Ek skei seker hierdie week of volgende week. Hy hou nie van die feit dat ek en sy ma nie meer bymekaar is nie. Ons bly al vir drie maande nie meer bymekaar nie."

SUBTHEME 2.2 LIMITED TIME WITH FAMILY

***Respondent 049*:** "Yes, it is. Because I leave at five in the morning and arrive at nine in the evening. I only see my family when I am off. I work six days and I am off 3 days. It is having an impact. Because I used to leave home at half past six to work for seven o'clock and then knock off at seven and at 07:30 I am at home. They were used to that for the past 13 years that I have been in the service."

***Respondent 074*:** "Ons sien mekaar baie min. Wat 'n mens vang is die drie aande wat 'n ou van die huis af weg is, veral vir die kinders. *Even* die dag ook, veral in die winter. As ek huis toe gaan, slaap my oudste 'laaitie' al. Hy slaap nie deur die dag by die kleuterskool nie. Teen die tyd wat ek half-agt by die huis kom, slaap hy al, hul altwee slaap al. Dit vang 'n ou 'n bietjie. 'n Ou lewe maar 'n bietjie verby mekaar, al werk my vrou kantoorure. Nou is dit beter. In die ....tyd was dit so: Ek het byvoorbeeld kwart oor ses die middag gery. Dan kom ek net en sê vir haar *hallo* en drink 'n beker koffie saam met haar en dan ry ek. Ons het mekaar net so gemis. Nou gaan dit beter. Sy is net so na vier by die huis en dan ry ek so kwart oor ses werk toe. So 'n ou het darem so 'n uur, uur en 'n half wat ons mekaar darem

sien. Dit is darem lekker. Verder is dit maar *bad news.*"

***Respondent 0164*:** "Ja, ek is baie weg van die huis af. Ek dink dit help baie as die kinders eers daar is."

SUBTHEME 2.3 PROBLEMS WITH CHILDREN

***Respondent 074*:** "Dit vang 'n ou, selfs vir die kinders. Die vrou kan miskien nog vrede maak daarmee, en probeer aanpas, maar vir die kinders is dit moeilik. My klein 'laaitie' huil in die laaste tyd baie. As ek begin aantrek, vra hy: 'Gaan Pa werk?' 'Ja, Pa gaan werk.' 'Nee, Pa moenie gaan werk nie.' Dan koop jy hom maar om met 'Pa sal jou môre-oggend skool toe vat'. Dan is hy weer rustig."

***Respondent 0118*:** "Yes, but the whole of last year (2002) he was jailed. He was jailed 2001 until last year. So he went back to school. Last year was highly stressful. I was feeling as if I wasn't living."

"Actually the investigating officer was the person who was wrong investigating the case. The were 4 young boys included in this case. The first one did the very same offence which they were being accused of. They accused them of gang rape and attempted murder. When the case went on they found that the lady did not know about the other young boys. She pointed out the first one and then the first one pointed out the second one, the second one said that he was with the third one, the third one said that he was with my son. The investigating officer locked them up."

SUBTHEME 2.4 LIFESTYLE FACTORS: ALCOHOL ABUSE AND LACK OF EXERCISE

Alcohol abuse

***Respondent 0118*:** "Yes, she was also very disappointed. The worse part of it is he is the only son. The other kids are girls. We are always fighting because of myself using alcohol for my problems. Now, the other problem which make me to worry is that I should not come to work drinking too much."

"Sometimes, after a hard day at work, when I get home, I just want to sit down, have a drink, and discuss it with my family. 'Today I was having this and this and this, and I am so stressful and tired.' So when I am busy drinking that thing comes again. So to forget, I drink a lot."

***Respondent 0199*:** "Ja, net gebruik ... Want dan vlam jy op, dan krop jy op en as jy eers alkohol in jou het, dan begin jy."

Lack of exercise

***Respondent 096*:** Soos gewig optel. Dit is ernstig. Ek het op Magalies gewerk, op Wonderboomlughawe en ek het fiets gery elke dag. Ek het op 'n stadium 90 kg geweeg en vandat ek hier is, weeg ek nou 110 kg.

SUBTHEME 2.5 SUICIDE

***Respondent 0118*:** "I think I see their concerns. It seems as if they want to help me. My problem is using alcohol as a substitute. When I was thinking alone, thinking about all the stuff, I sometimes felt like I could blow myself out, throw myself in front of a car or hang myself. When that feeling comes I use the alcohol to help me forget those things. But instead it seems as if it becomes problematical. That is why I think if maybe those people can take those steps to help me."

"Yes. That is why I say sometimes I don't like to be in this world. Those people told me that it is quite dangerous when you start thinking about it. That is why I am taking some steps."

SUBTHEME 2.6 ANGER AND FRUSTRATION AIMED AT FAMILY MEMBERS

***Respondent 049*:** "If you are angry, you won't be relieved quickly. If there is something that didn't go well during the day, and you come home you are not as normal, sometimes you are shouting not knowing what you are shouting for."

"You get angry at work and you retaliate to the wrong people. If you are angry at work and you can't get the line of management to solve the problem, you get angry; and coming home retaliate at the wrong people. Sometimes I do, but later on I realised that I am angry at the wrong people. You don't realise that immediately. It comes after a day or two."

"No. I am not a person who like to fight. If I am angry I will go to the bedroom and sleep. When I wake up then I am better."

"My wife knows me very well. I have been staying with my wife since 1987. When I am angry, she will automatically see that today things are bad. She will just keep quiet. She will greet and ask: 'How was your day?' I am normally a talkative person, but that day I'll be quiet."

***Respondent 096*:** "Jy sit hierso en doen niks nie. Ek kan nie stil sit nie. By die huis bou ek modelvliegtuie, ek doen houtwerk en *sandblasting*. As ek te besig is by die huis, *moan* my vrou. Wel, ons het somtyds die *silent treatment* met mekaar totdat ons afgekoel het. Somtyds, kan net een oproep my dag opneuk. Eers is jy gewoond om te sit en ewe skielik kom daar oproepe in. Hier is niemand op wie ek dit kan uithaal nie en dan gaan haal ek dit by die huis uit."

***Respondent 0199*:** "Ek was buierig, huilerig. Nie baie goed nie. Sy het my altyd bygestaan. Sy het gesê ek sien altyd die *bad* dinge raak, maar ek sien nooit die góéd raak uit wat ek doen nie. Sy het altyd vir my gesê ek moet 'n bietjie die goeie dinge ook sien wat ek al gedoen het."

SUBTHEME 2.7 PHYSICAL AND EMOTIONAL EXHAUSTION

Physical exhaustion

***Respondent 0118*:** "It was very stressful. That is why I say I didn't have a rest actually."

***Respondent 0236*:** "Well, we cope with it. I think, you feel tired always. In the morning or afternoon."

Emotional exhaustion

***Respondent 0236*:** "All the work is very stressful, but as we work as a team you don't feel it... . Especially when you come home you will find that you are tired. Sometimes the children want to play, but you are not in the mood, because you are tired. You just want to shower, eat and go to sleep. Sometimes you feel bad, because the children don't know why does it look like that you are unhappy, then I try to explain it. I am tired, but because they are children they don't listen."

SUBTHEME 2.8 MARITAL PARTNER BEING ALONE

***Respondent 049*:** "In the way that sometimes when doing something I just get stuck. Like when we did inventory at work, sometimes I just get stuck for 10 minutes thinking of her. How is she now? Where is she now? I had to phone to work first and then after I have talked to her and then she says 'I am fine', then I become better."

***Respondent 0236*:** "It wasn't easy for at the beginning. Especially the time when we were working 24 hours. She is alone at home with the children. It wasn't nice, but she coped. She knows that when I am not at home I am here at work. That time she wasn't working and I had to contact her now and then."

SUBTHEME 2.9 NOT BEING AVAILABLE TO HELP THE FAMILY WHEN

NEEDED

***Respondent 049*:** "The problem that I am having about my family is that my wife is sick now and then. That worries me a lot. Like today, she is going to consult a doctor. I don't know what is happening. The doctor promised that if things doesn't go well, she will be transferred to the Pretoria Hospital."

SUBTHEME 2.10 DEPRESSION

***Respondent 096*:** "Partykeer voel dit baie naby. Ja, dit is. Jy kan enigiemand vra. Op ander stasies was ek 'n ander mens gewees. Dit was lekker om werk toe te gaan. Party oggende is ek nie eers lus om werk toe te kom nie."

***Respondent 0118*:** "A lot. Sometimes when I am sitting alone."

***Respondent 0164*:** "Dit is eintlik maar net die *worries*. 'n Mens wonder maar net waarheen gaan die plek, waarheen neig hy nou met al die veranderinge. Jy sit hieronder in die donker. Dan hoor jy skielik dit het gebeur of ons gaan nou in daardie rigting."

SUBTHEME 2.11 PHYSICAL, AFFECTIVE AND COGNITIVE STRESS SYMPTOMS

Physical stress symptoms:

***Respondent 002*:** "Ja, hoofpyne."

***Respondent 049*:** "I used to have headache when I get angry."

***Respondent 074*:** "Miskien 'n spanningshoofpyn."

***Respondent 096*:** "Ek kry migraine gereeld. Dit is vandat ek hier begin werk het. Ek het dit nog nooit gehad nie. Jy kan selfs vir my offisier vra hoeveel keer ek al siek was. Maar net een dag het ek migraine so erg gekry dat ek naar geword het. My migraine gaan uit deur my oë; ek sien net 'n kolletjie en die res is ge-*blur*."

***Respondent 0114*:** "I feel headache and I feel tired, but I didn't do anything the whole day. My body is painful, and I ask myself: what did I do? But I didn't do anything the whole day. I feel tired, especially my back."

***Respondent 0199*:** "Hoofpyn, rugpyn, maagpyn. Dit is dit."

Affective stress symptoms:

***Respondent 002*:** "Dit sal beter wees. Dan weet ek die ander persoon vra nie vrae nie en daar word nie gekrap waar daar nie moet nie."

"By die werk is daar sekere goed wat my omkrap, maar in alle beroepe is dit nou maar so."

***Respondent 074*:** "Jy voel soos 'n skurk. Dit is nie lekker nie. Jy gaan werk met 'n swaar hart, jy sal liewer by die huis wou bly. Dit is maar een van daardie dinge. Jy het nie 'n keuse nie. Ek is nou nie so gelukkig om van Maandag tot Vrydag te werk nie en elke aand by die huis te wees nie. Almal is nie so gelukkig nie, ons maak maar vrede."

"Dit is wat die ouens so negatief maak. Ons doen dieselfde werk en ons kry nie dieselfde salaris nie. Dit is nie vir ons aanvaarbaar nie en dit is sulke goed wat 'n mens die hoenders in maak."

"Baie. My vrou was daardie tyd swanger met my tweede seuntjie. Sy het iets gehoor oor die nuus van die twee ouens wat geskiet is en die volgende oggend bel ek haar, want ek wou nie hê sy moes dit oor die nuus hoor nie, want dit is skrikwekkend. Toe ek haar gebel het, het ek

in trane uitgebars."

"Daardie tyd was ons deur diep waters. Dit was swaar. Hy was my beste vriend gewees."

"Dit is trane en 'n knop in die keel. Dit is sulke goed wat 'n ou ruk. Dit is nou al 'n rukkie terug, maar dit is goed wat seermaak. Die mense wat regtig vir jou iets moes gedoen het, het niks gedoen nie, want hulle het nie ge-*worry* daaroor nie. Laat dit nou een van hulle seuns of een van hulle kinders of familie wees, dan het jy 'n ander reaksie gesien. Dan was daar nog die brandweerbegrafnis. Ek wil nooit weer in my lewe 'n brandweerbegrafnis hê nie."

***Respondent 0114*:** "When I am crying I go to my bedroom and close the door and sit there alone. Nobody sees me. I don't want them to feel the same. It is only my fiancé who sees me when I am crying and then I tell him everything. But my parents, no; my sister, no."

***Respondent 0199*:** "Die res van die week is ek beneuk, wat ek nooit was nie. Ek weet nie wat aangaan nie."

Cognitive stress symptoms:

***Respondent 002*:** "Op hierdie stadium affekteer dit my nie regtig nie. 'n Ou leer maar om dit te verwerk."

"Op die stadium dink ek nie daaraan nie. Al wat ek weet, dit gaan lê onder jou onderbewussyn. So, daar is maniere om dit uit te wis. Ek glo elke mens ken homself en hy weet wanneer dinge begin verkeerd loop en dan is hy vry om na 'n sielkundige te gaan wat hom kan help met die probleem."

"Ek maak die keuse. Of ek werk die skof en die persoon wat saam met my in 'n verhouding is, moet vrede daarmee maak, of ek los die beroep."

"Ja. Ek probeer om glad nie my werksprobleme huis toe vat nie."

"'n Ou probeer dit uitpraat, dis die beste. 'n Ou moet dit maar uitgesels en praat. Dit help nie 'n ou staar jou blind teen die probleem nie. Ek glo aan kyk na 'n oplossing."

***Respondent 074*:** "As jy huis toe gaan, *unwind*. Los die werk by die werk en geniet jou tyd saam met die gesin. Ja. Dit is die werk se probleem. Moenie die werk se probleem die gesin se probleem maak nie. Die werksituasie is vir die werksituasie. Ons kom môre weer by die werk en dan *sort* 'n mens dit uit of gaan aan, of anders krap 'n ou almal om."

***Respondent 0114*:** "Yes. ..... I think: I have to do it, then I will do it. Sometimes I wish I had that power; I will do it, but I can't. I told myself: I will do it."

***Respondent 0199*:** "Ek het baie ander besluite wat ek móét maak. Dit is wat my op die oomblik so baie stres gee. Ek het heel naweek gedink en net op een resultaat uitgekom. Daar is net een man wat jou kan help, en dit is jy, jouself. Niemand anders kan vir jou sê wat jy kan doen nie."

SUBTHEME 2.12: SHIFT WORK

***Respondent 002*:** "Ja, ek glo so. Ons werk normale en abnormale ure. Die skofure gaan 'n probleem wees."

***Respondent 074*:** "Al probleem is die skofte. Ek meen vir my vrou ook. Vandat ek getroud is, werk ek al skofte. Dit is maar moeilik, veral vir my vrou."

***Respondent 0236*:** "It was long hours that time, but now it is better. From 24 hours, we are doing 12 hours now. But it is now stressful because three days on, three off is a shift. The first day you are off, you don't feel it, the last day – tomorrow you must go back to work, then you feel that you are tired."

SUBTHEME 2.13: EMOTIONAL DISTANCE FROM FAMILY

***Respondent 074*:** "Ek is maar 'n ou wat dit vir myself hou. Ek is stil en teruggetrokke en brei nie baie daaroor uit nie. Dit is soos ek is. Dit is nie lekker vir hulle nie. Ja, hulle kom dit agter. Veral my vrou, sy kom dit dadelik agter."

SUBTHEME 2.14: FINANCIAL PROBLEMS

***Respondent 0118*:** "Financial problems. I am having a problem with this particular house. I am not staying in it now, because the lawyer said I am not supposed to stay there – both parties, myself as well as that woman – until the house is sold. Then I am worried, because I am paying for the house and I am not staying in it. All that I am thinking about is that woman took everything, furniture and whatever."

"Yes, I've got very much financial problems. Because of that marriage. She took everything and I am supposed to pay those things. Then, as far as my wife is concerned, she will say: 'You are not paying things. You are not here.' It cripples me financially. Normally, in a family, if finance is lacking there is a lot of fighting."

***Respondent 0199*:** "Dit is maar net my skeisaak en my huis wat ek verloor en al sulke dinge, my kind."

SUBTHEME 2.15: ANXIETY

***Respondent 0118*:** "Sometimes I am afraid of work. When you come to work you actually don't know what type of work you are going to do for that day. You are there waiting for any call to come."